higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUURSKOMMUNIKASIE N4

(Eerste vraestel)

(5140254)

5 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke en TWEE addisionele verwysingsbronne mag gebruik word.
GEEN elektroniese woordeboeke mag gebruik word nie.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 1 addendum.

167Q1B2005

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUURSKOMMUNIKASIE N4
(Eerste vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees die hele vraestel en addendum noukeurig deur voor jy die opdragte uitvoer.

5. Lees, interpreteer en beantwoord al die vrae aan die hand van die gegewe agtergrond en gebruik alle beskikbare inligting.

6. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND
Jana Koster is die bestuurder by *HELP*, 'n rehabilasiesentrum in Ter Aardestraat 13, Wellington waar hulp verleen word aan drank- en dwelmverslaafdes. Jy is haar persoonlike assistent.

VRAAG 1: BRIEF – UITNODIGING AAN GASSPREKER

Jana Koster organiseer 'n spanboudag vir die personeel van *HELP*, sodat hulle mekaar op 'n informele manier beter kan leer ken en sodoende word gesonde verhoudings in die werkplek geskep. Die personeel werk onder erge druk.

Nadat sy die artikel 'Gesinne word weer heel' (op die ADDENDUM (aangeheg)) gelees het, het sy besluit dat Johan Janse van Rensburg net die regte persoon is om die personeel daarvan bewus te maak dat hulle werk moet spreek van liefde en deernis maar veral ook om hulle in te lig hoe om 'n passie vir hulle werk te ontwikkel.

Verder besluit sy om ook familie en vriende van die kliënte sowel as die publiek na die praatjie uit te nooi. Tydens die geleentheid sal daar spanbou en verversings gereël word. Sy nooi Johan per brief uit om as gasspreker tydens hierdie geleentheid op te tree.

Skryf die uitnodigingsbrief van Jana aan Johan.

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
4	15	6

[25]

VRAAG 2: MEMO

Nadat Johan Janse van Rensburg die uitnodiging aanvaar het, versoek Jana jou om die inligting van die reëlings vir die spanboudag in memostyl aan die personeel oor te dra.

Die spanboudag gaan op 18 Mei 2020 gehou word op die terrein en van HELP in Welgemoedstraat 19, Wellington. Die spanbou word tussen 08:00–12:00 slegs vir die personeel gehou en behels sport en speletijies. Tussen 12:00 en 13:00 word middagete aan die personeel bedien. Om 13:30 tot 14:30 sluit die familie, vriende en lede van die publiek by hul aan vir die lesing aangebied deur Johan Janse van Rensburg. Van 14:30 tot 15:30 sal ligte verversings bedien word.

Die toegang is gratis maar 'n donasie vir die aanbou van 'n nuwe lesinglokaal by HELP sal waardeer word.

UITLEG	INHOUD	TAAL
5	10	5

[20]

VRAAG 3: TELEFOONBOODSKAP

Twee weke voor die geleentheid bel Johan vir Jana om die finale reëlings te bevestig. Jana is nie op kantoor nie en hy versoek jou om 'n boodskap aan haar oor te dra.

Hy bevestig die datum en tyd. Hy vra 'n optreefooi van R1 500 en het 'n dataprojektor nodig.

Stel 'n eenvoudige, basiese telefoonboodskapvorm op en skryf die boodskap neer.

UITLEG	INHOUD	TAAL
6	6	3

[15]

VRAAG 4: PRÉCIS

Jana wil tydens die geleentheid by HELP aan elke persoon 'n lêer gee met 'n opsomming van die artikel wat in TYGERBURGER verskyn het.

Gee 'n opsomming van die kerngedagtes in die artikel op die ADDENDUM (aangeheg), 'Gesinne word weer heel', in nie meer as 180 woorde nie. Dui die aantal woorde tussen hakies aan en gee aan die opsomming jou eie gepaste titel.

UITLEG	INHOUD	TAAL
5	10	5

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: TERUGVOERVERSLAG

Jana besluit om 'n terugvoerverslag van die geleentheid te skryf. Sy wil dit gebruik om in die toekoms soortgelyke dae te reël. Sy het tydens die dag die volgende nota's gemaak:

- Personeel geniet sport en speletjies.
- Hulle sal so 'n geleentheid meer as een keer per jaar wou aanbied.
- Die praatjie was briljant. Die gehoor sou meer tyd vir vrae wou gehad het.

Jy mag gebruik maak van fiktiewe inligting.

Skryf die terugvoerverslag onder die volgende opskrifte:

1. Agtergrond

2. Doel van die verslag

3. Verloop van die dag

   3.1 Die sportaktiwiteite
   3.2 Die lesing
   3.3 Middagete en teetyd

4. Gevolgtrekking

5. Aanbevelings

UITLEG	INHOUD	TAAL
3	13	4

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM

GESINNE WORD WEER HEEL

'Dis 'n saak van liefde en deernis, maar veral van passie – die hulpverlening aan dwelm- en alkoholverslaafdes', verduidelik Johan Janse van Rensburg, die bestuurder van Ramot, die rehabilitasie-sentrum in Parow waar gesinne weer heel word.

Johan, 'n biokinetikus, het die Tygerburger oor 'n koppie koffie ontmoet en noem verder dat verslawing 'absoluut 'n gesinstoestand is'.

Die sentrum vind tans maniere om sy dienste in die toekoms onbepaald te kan voortsit. ''n Mens moet boonop leer om vis te vang sodat jy altyd vis het om te eet', meen Johan. Hoewel die sentrum 'n begunstigde van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling is, is daar soveel ander projekte wat ook befonds moet word.

Hy noem dat die publiek oor die algemeen min simpatie het met verslaafdes, omdat dit 'n keuse is wat hulle gemaak het. Mense dink ook dat die vrou en kinders nie deur verslawing geraak word nie, maar gesinne waar die verslaafde ook die broodwinner is, het in sommige gevalle nie genoeg om te eet of te oorleef nie.

Hy noem dat waar albei ouers verslaafdes is, mense nie besef hoe die kinders daardeur geraak word nie.

'Dis waar die sentrum inkom. Ons probeer hulp verleen aan verslaafdes om weer hul regmatige plek in die gemeenskap in te neem om vir hulle gesinne te kan sorg.'

'En ja, ons het gevalle waar kliënte terugkom, maar ons gaan aan en kyk nie terug nie, net vorentoe.'

'Die sentrum fokus op 'n allesomvattende diens wat die liggaam en gees help heel van elke indiwidu wat by hul deure instap', sê Johan.

'Ons wil help om bewusmaking te kweek vir die gesinne van ons kliënte en hulle ook help. Ons wil mense twee keer laat dink oor verslawing. Hul manier van dink hieroor moet verander. Dit kan slegs gebeur deur mense in te lig, te leer en op te voed.'

'n Reeks kundiges wat met RAMOT se kliënte werk, gaan ons lesers meer vertel oor al die aspekte rondom verslawing en hoe jy kan oplet of jou kind 'n verslaafde is.

Tygerburger sal onder andere RAMOT se aande van hoop ondersteun, waar die kliënte en die publiek deur plaaslike kunstenaars met 'n vertoning trakteer sal word.

Kontak Adrie Smith by:
Tel: 012 808 8217
Faks: 012 808 8218
Posbus 1718, WELLINGTON 0002

[Aangepas uit: *TYGERBURGER, Julie 2018*]

Kopiereg voorbehou